Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

* I E C O N A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele vrae wat beantwoord is, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae noukeurig.

6. Begin ELKE vraag boaan ’n NUWE bladsy.

7. Laat 2−3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die grootste bedreiging vir werkers se gesondheid in Suid-Afrika, is …

A longontsteking.
B tuberkulose.
C MIV en Vigs.
D lae lone.

1.1.2 Dubbeltelling is ’n probleem wat voorkom wanneer die ... -metode gebruik word om die BBP te bereken.

A produksie
B inkome
C bestedings
D binnelandse

1.1.3 Een van die voordele van ’n sentraal beplande ekonomie is …

A keuse.
B volle indiensname.
C risiko.
D innovering.

1.1.4 Voedselsekuriteit maak van … ’n belangrike nywerheid.

A landbou
B water
C energie
D kleinhandel

1.1.5 Die waarde van die Gini-koëffisiënt wissel tussen …

A 100 en 1 000.
B 10 en 100.
C 1 en 10.
D 0 en 1.

1.1.6 Die persentasie van mense in ’n land wat kan lees en skryf, staan as die … -koers bekend.

A bevolkings
B ontwikkelings
C ongeletterdheids
D geletterheids

1.1.7 Die probleme wat met ruilhandel geassosieer was, is uitgeskakel deur die ... funksie van geld.

A rekeneenheid
B stoor van waarde
C ruilmiddel
D algemene aanvaarding

1.1.8 Die primêre doel van NEPAD is om ...

A oorloë te stop.
B armoede uit te wis.
C in verkiesings te stem.
D optogte te ondersteun. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomies bedrywige bevolking | A Hou vir langer periodes |
| 1.2.2 Finale goedere | B Speel 'n belangrike rol in ontwikkelde lande |
| 1.2.3 Sosiale dienste | C Gebruik deur sentrale bank om totale geldvoorraad te beïnvloed |
| 1.2.4 Tersiêre sektor | D Ouderdomme tussen 14 en 65 |
| 1.2.5 Lopende Betaalstelsel | E Tot stand gebring om internasionale handel te monitor en te liberaliseer |
| 1.2.6 Ruimtelike Ontwikkelings Inisiatief | F Onderwys, gesondheid en welsyn |
| 1.2.7 Monetêre beleid | G Progressiewe stelsel |
| 1.2.8 Wêreldhandels-organisasie | H Nie gebruik as insette om ander goedere mee te produseer |
| | I Verkose gebiede wat sekere voordele bied aan mynbou, vervaardiging en ander besighede |

(8 x 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die begrip langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die prys wat aan die eienaars van natuurlike hulpbronne betaal word vir hul gebruik

1.3.2 Die vloei van goedere en dienste tussen die deelnemers aan die ekonomiese kringloop

1.3.3 Goedere en dienste waarvan die voorsiening daarvan voordele inhou vir die verbruiker en die gemeenskap

1.3.4 Voorraad van kapitale bates van huishoudings, wat verdiende en gespaarde geld, op een of ander tyd, verteenwoordig

1.3.5 Plaaslike kennis wat uniek is aan 'n sekere kultuurgroep of gemeenskap

1.3.6 Besighede wat klein lenings aan mense aanbied, vir wie dit onmoontlik is om lenings by banke te verkry (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE deelnemers aan 'n geslote ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is die primêre sektor belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**ALGEMENE OWERHEIDSBESTEDING VERMINDERINGS VOLGENS HOOF EKONOMIESE KLASSIFIKASIE**

| **R miljoen** | **2019/20** | **2020/21** | **2021/22** |
|---|---|---|---|
| Vergoeding aan werknemers | -106 | -93 | -98 |
| Oordragte en Subsidies | -2 468 | -4 211 | -8 909 |
| Goedere en Dienste | -5 | -5 | -6 |
| **Totaal** | **-2 579** | **-4 309** | **- 9 013** |

[Bron: www.treasury.go.za]

2.2.1 Noem die ander klassifikasie van verbruiksbesteding deur die owerheid. (1)

2.2.2 Waaruit bestaan 'vergoeding aan werknemers'? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die begrip *finale verbruiksbesteding deur die owerheid.* (2)

2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die finale verbruiksbesteding deur huishoudings. (2)

2.2.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die geskatte verminderings in bogenoemde tabel bereik? (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**INFRASTRUKTUUR-ONTWIKKELING**

Die Suid-Afrikaanse regering bestee baie op infrastruktuur. In sy begrotingstoespraak het Minister Tito Mboweni vier dinge genoem om SA se infrastruktuur te verbeter:

- om 'n sinvolle pyplyn-projek te skep.
- om die wet meer vaartbelyn te maak ten einde dit makliker te maak om te bou.
- beter inligting aan almal.
- om werklik te bou.

Die **infrastruktuur-fonds** is 'n sentrale pilaar van die Begroting en van prioritisering. Dit sal R526 miljard se begrotingsprojekte versnel deur die privaatsektor in te bring en finansiële instansies te ontwikkel. Daarmee saam, sal die regering R100 miljard oor die volgende dekade bewillig.

[Aangepas uit www.treasury.gov.za]

2.3.1 Noem enige EEN komponent van kommunikasie-infrastruktuur. (1)

2.3.2 Wanneer begin Suid-Afrika se fiskale jaar? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *infrastruktuur.* (2)

2.3.4 Verduidelik die belangrikheid van kommunikasie-infrastruktuur vir besighede. (2)

2.3.5 Hoe sal die R100 miljard langtermynbelegging die ekonomie beïnvloed? (4)

2.4 Bespreek die nadele van 'n gemengde ekonomie. (4 x 2) (8)

2.5 Evalueer die regering se betrokkenheid in die verhoging van toegang tot ekonomiese geleenthede. (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE geld geassosieerde instrumente. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe bevorder die Suid-Afrikaanse regering inheemse kennisstelsels? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

**MONETÊRE BELEIDSKOMITEE SNY TERUGKOOPKOERS (REPOKOERS)**




[Aangepas uit https://images.app.goo.gl]

3.2.1 Wat is Suid-Afrika se sentrale bank se naam? (1)

3.2.2 Noem enige ander instrument van die monetêre beleid, behalwe rentekoerse. (1)


3.2.3 Verduidelik kortliks die begrip terugkoopkoers (*repokoers)*. (2)

3 .2.4 Verduidelik kortliks *regerings-bankier* as 'n funksie van die sentrale bank. (2)

3.2.5 Hoe sal 'n daling in rentekoerse verbruiksbesteding beïnvloed? (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**EKONOMIESE ONTWIKKELING VOLGENS SOSIALE AANWYSER**




[Bron: UNESCO Instituut vir Statistieke databasis]

3.3.1 Noem die sosiale aanwyser in bostaande grafiek. (1)

3.3.2 Wat is die neiging van die aantal nie-skoolgaande kinders in die laaste dekade? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die begrip *sosiale aanwyser.* (2)

3.3.4 Verduidelik waarom baie kinders skool verlaat in ontwikkelende lande. (2)

3.3.5 Bereken die persentasie van die vroulike (female) bevolking wat in 2016 skool verlaat het. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.4 Bespreek lae lewensverwagting en lae vlakke van produktiwiteit as kenmerke van ontwikkelende lande. (4 x 2) (8)

3.5 Ontleed die gevolge van bankmislukking. (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MAKRO EKONOMIE** EN **EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE komponente van die sekondêre sektor. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die doel van ekonomiese aanwysers? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: marketbusinessnews.com]

4.2.1 Watter ekonomiese stelsel word op die beginsel van die '*onsigbare hand'* gebaseer? (1)

4.2.2 Wie ken die hulpbronne in bogenoemde stelsel toe? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *ekonomiese stelsel.* (2)

4.2.4 Verduidelik hoe dienslewering in Suid-Afrika verbeter kan word. (2)

4.2.5 Hoe is eie-belang voordelig vir 'n ekonomie? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

**NOP 2030 – DIE STAAT KAN NIE DOELWITTE ALLEEN BEREIK NIE**

Om SA se vaardigheidsbasis te verbeter en studente uit arm en middel inkome gesinne te ondersteun, is krities vir die groei en ontwikkeling van SA se ekonomie.

Volgens 'n verslag uitgereik deur die departement van hoër onderwys en opleiding, woon 'n baie klein aantal mense tersiêre instansies in Suid-Afrika by, die minste van die vyf BRICS-lande.

Volgens die NOP, word **aktiewe burgery** in die laaste 10 jaar voor 2030 benodig, waar inwoners (burgers) pogings aanwend om hulself op te hef asook diegene om hulle, ten einde die doelwitte te bereik.

[Bron: www.businesslive.co.za]

4.3.1 Noem enige ander ontwikkelingstrategie wat in Suid-Afrika aangewend is. (1)

4.3.2 Noem 'n voorbeeld van wat inwoners van Suid-Afrika kan doen om hulself op te hef. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *ekonomiese ontwikkeling.* (2)

4.3.4 Verduidelik die hoofdoelwit van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP). (2)

4.3.5 Hoe sal Suid-Afrika se vaardigheidsbasis deur die implementering van die NOP verbeter word? (4)

4.4 Onderskei tussen *duursame* en *nie-duursame goedere*. (4 x 2) (8)

4.5 Ontleed die rol van Suid-Afrika in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in die ANTWOORDEBOEK.

Maak seker dat antwoorde die struktuur wat hieronder aangedui word, volg sodat die maksimum aantal punte behaal word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>• 'n Goeie beginpunt is om 'n begrip of sleutelwoord te definieer wat in die vraag voorkom.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer Onderskei/Differensieer/Verduidelik/ Assesseer/Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot:**<br>• Die slot is 'n opsomming van wat bespreek is in die inhoud en behoort 'n hoër orde antwoord te wees.<br>• Die slot kan in die vorm wees van 'n eie opinie voorbeelde om die bespreking te ondersteun of weersprekende siening van wat bespreek is.<br>• Geen aspek van die inleiding of die inhoud mag in die slot ingesluit word nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE — 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die kenmerke van kapitaal in detail. (26 punte)
- Ontleed die positiewe uitwerkings van kapitaalverdieping. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES — 40 PUNTE – 40MINUTE**

- Bespreek, die volgende metodes wat in die herverdeling van inkome en rykdom aangewend word, in detail:
  - Belastings (10 punte)
  - Kontanttoelaes (8 punte)
  - In natura voordele (8 punte)

- Ontleed die regering se poging om ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika aan te spreek. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou